DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



**7 April 2024**

Predikant: Ds. S.P. Venter

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | **Daniël 2: 26 - 49** |
| **Tema** | **God troos ons deur sy Almag** |
| **Sang** | **Psalm 48: 1, 5**<br>**Psalm 9: 7, 8**<br>**Psalm 32: 1, 3**<br>**Psalm 46: 1, 6**<br>**Psalm 2: 1, 6** |

**Ons het die opstanding van ons Here Jesus Christus herdenk. Wat beteken dit vir ons in 2024? Nebukadnesar, die magtigste koning in die Midde-Ooste se koninkryk het oor die bekende wêreld van destyds geheers. Hy was onoorwinlik. Maar die ware God het hy nie geken nie en was nie eers van sy bestaan bewus nie, totdat God Homself aan Nebukadnesar openbaar in 'n droom. Die droom het hierdie magtige man hewig versteur. Sy siel kon nie tot rus kom nie. Die wêreldryke in Nebukadnesar se droom beskryf die wêreldryke soos dit sal wees vanaf Babel tot die Romeinse Ryk**

* Die eerste boodskap van die droom is dat die wêreldryke, selfs al word hulle in die praktyk al groter en sterker, in wese minderwaardig word (goud, silwer, brons, yster en klei) en tydelik is.

* Die tweede boodskap is dat die aardse ryke vernietig sal word, fyngemaal sal word soos kaf op die dorsvloer. God bepaal wie sal regeer, oor watter gebied en vir hoe lank.

* Derdens leer ons dat daar ’n nuwe Ryk sal kom wat vir altyd sal bly. Dit sal gebeur sonder menslike toedoen: die God van die hemel sal dit doen!

Die groot troos vir ons as gelowiges is die feit dat ALLE mag en gesag in God gesetel is. Hy het sy Seun, die Rots (1 Pet. 2:6-8), na hierdie aarde gestuur om Sy ewige koninkryk te kom vestig. Wie na die geskiedenis kyk, moet weet dat die laaste woord oor die mensdom se geskiedenis aan die Here behoort en dat Sy koninkryk ’n ewige ryk is, die enigste ryk met permanensie en met ’n toekoms. Die Here verseker ons dat Hy in volle beheer is en dat ons wat deur die kragtige werk van die Heilige Gees in Christus ingelyf is, saam met Hom regeer. Hierdie finale heerskappy word in Openbaring 18 en 19 deur God aan die apostel Johannes geopenbaar. Ons is méér as oorwinnaars … saam met ons Koning en Verlosser, Jesus Christus, want Hy het opgestaan!

# OOG VIR MEKAAR




- **Ons is dankbaar dat die Here almal wat die afgelope tyd ongesteld was, herstel gee en in die geloof vashou.**
- **Ons is dankbaar dat almal wat vir die vakansie weg was, veilig tuis is.**
- **Ons bid ons ouers, kinders en onderwysers 'n geseënde kwartaal toe. Geniet die geleenthede wat die Here gee om die mooi talente wat ons kinders ontvang het, tot Sy eer te gebruik.**
- **As daar 'n lidmaat is wat 'n asma pomp benodig kan hulle by die kerkkantoor kom navraag doen.**



## KONSISTORIEDIENSBEURTE 7 Apr 2024

Diensbeurt: Wyk 16
Ouderling: Francois Lessing

Katkisasie: Les 7
Diaken: Antonie Weideman

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

*Eredienste begin 09:30*

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD



Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien en om op te was na die erediens.

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 9 April 2024 | 10:00 | *Dalmada* | Silwerdoppers ontbyt |
| 10 April 2024 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 15 April 2024 | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| 16 April 2024 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 17 April 2024 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 19 April 2024 | 18:00 | *Kerk* | Padkafee aand (Susters) |




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *B / D* | *Sel/Tel no.* |
| (Di) 9 Apr | Heila Lessing<br>André Venter<br>Barbara Nagel<br>Alwyn Carstens<br>Willm v Wyk | 67<br>64<br>61<br>4<br>4 | B<br>B<br>B<br>D<br>D | 083 626 0185<br>082 220 3068<br>083 260 9581<br>074 570 9357<br>083 627 2726 |
| (Wo) 10 Apr | Anel Nieuwoudt | 52 | B | 072 225 9555 |
| (Do) 11 Apr | Retha Grobler<br>Francois Nel | 41<br>20 | B<br>B | 071 885 8928<br>083 739 6152 |
| (Sa) 13 Apr | Xander Maré | 10 | D | 082 318 7263 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
| (So) 7 Apr | Shawn & Annemarie Koekemoer | 7 | 082 361 2427<br>083 263 5171 |
| (Di) 9 Apr | Ryno & Carien Venter | 13 | 083 397 6685<br>083 271 2676 |
| (Vr) 12 Apr | Flippie & Marlene Hoogendyk | 10 | 082 695 0799<br>083 648 5397 |
| (Sa) 13 Apr | Stephan & Heleen du Plessis | 28 | 082 933 5360<br>084 491 1165 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Ek sê vir jou,**
**vandag sal jy saam met My**
**in die paradys wees.**

**Lukas 23:43**

## KOLLEKTES

**Kollektes April 2024**



**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**7 April 2024 Kerklike Tydskrifte**
**14 April 2024 Expanda**
**21 Aril 2024 Diakonale Bystans Fonds**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# PADKAFEE

## Die tyd het weer aangebreek vir ons Padkafee aand.

**Ons kerkgebou word weer omskep in 'n Padkafee van ouds, en vanaf 18:00 op Vrydag, 19 April 2024, staan ons vriendelike kelners en bekwane kombuispersoneel gereed om u bestellings te neem en voor te berei.**

## Op die spyskaart is:







**Op die kennisgewingbord is 'n lys aangebring waarop julle julle name moet invul indien julle saam gaan kom kuier en eet.**

**Die afgelope paar jaar het ons oorweldigende reaksie uit die gemeente ontvang in verband met donasies vir die Padkafee! Baie dankie vir julle hulp en ondersteuning, daarsonder sou hierdie funksie nooit 'n sukses gewees het nie. Ons het asseblief weer julle hulp nodig.**

**Die volgende is bestanddele wat ons nodig het vir ons Padkafee:**

30l Langlewe Volroom Melk; 10 x 5l Roomys; ± 2 Kassies Tamaties;

1 sak uie; Botter of Margarine; Maalvleis; ± 7 Koppe Blaarslaai;

20 Dosyn Hamburgerbuns; enige kontantdonasies is ook welkom.

**Dui asseblief op die kennisgewingbord aan waar julle graag wil help.**

**Ons hoop om saam met elkeen van julle te kuier by ons Padkafee op 19 April 2024, vanaf 18:00**

## SILWERDOPPERS

**Die Silwerdoppers gaan op Dinsdag 9 April 2024 om 10:00 weer op 'n lekker uitstappie. Ons gaan by Fanie en Dawn Hattingh op Dalmada heerlike ontbyt geniet.**



**Almal wat die geleentheid gaan bywoon moet asb julle name op die lys plaas agter in die portal.**

**Onthou asb om jou eie eetgerei saam te bring.**

**Onthou van die datum en kom kuier lekker saam met ons.**

# HEKEL MARATHON

Hierdie is 'n projek uit die gemeenskap om komberse, serpe, slaapsokkies en musse aan ouetehuise en shelters te skenk. Mense wat kan brei/ hekel kan skenkings maak van blokkies (20cmx20mcm), enige kleur/ patroon, die blokkies word aanmekaar gewerk vir 'n kombers. Ook musse(beanies), sokkies en serpe is welkom!! Kontant skenkings is ook welkom om wol aan te koop. Kom woon die marathon by, jy kan daar kom hekel/brei solank jy wil. Enige iemand wat 'n bydrae wil lewer kan Koemi vd Walt op 082 459 3832 skakel.



# SKOLIESKAMPE GK CACHET



# SKOLIESKAMPE (MOOTKAMP)



Dit raak amper weer sulke tyd. Tyd vir MOOTKAMP!!! ✸

Wat is Mootkamp?


Mootkamp is 'n skoolverlaterskamp vir Gr 10-12 leerlinge. By die Mootkamp bou ons as jongmense in 'n Christelike omgewing nuwe vriendskapsbande terwyl ons ook saam nader aan ons hemelse Vader groei.

In ons af-tye van die dag, fokus ons ERNSTIG daarop om pret te hê. Ons bou chats, speel volleyball, swem, sokkie, huil, lag, huil soms van die lag, en geniet die tyd saam met geloofsvriende. Kom wees asb deel!

Wie: Alle Gr 10-12 leerlinge (Vriende van ander kerk is baie welkom!)
Datum: 30 Junie – 7 Julie
Plek: Goodlands Estate, Cullinan
Koste: R 1200 pp (Sluit verblyf, etes en 'n t-hemp in)

Inskrywing: https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdXEhmQmB-KfGXMp8jOeYHmtsAASiMoIomoPh4YsakjoicykA/viewform?usp=sf_link

Vir enige navrae, kontak ons gerus:
Peter Reesink
peterreesink509@gmail.com
067 283 0970


GK PIETERSBURG
INKOMSTE EN UITGAWES
MRT 2023 TOT FEB 2024
DUISENDE
-70 -20 30 80 130 180 230 280 330 380
Mrt - 23
Apr-23
Mei - 23
Jun-24
Jul-23
Aug-23
Sep-23
Okt - 23
Nov-23
Des - 23
Jan-24
Feb-24
Inkomste
Uitgawes
Tekort
Kumulatiewe tekorte

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)






**Leef ons gemeente net op Sondae?**



**Of lewe ons elke dag in ons gemeenskap waar God ons plaas?**




Paulus- 1 Kor 1:4
**Ek dank my God vir die genade wat Hy in Christus Jesus aan julle geskenk het, 5want in Hom is jul ryklik geseën, in die gawes van woord en kennis. 6Die boodskap van Christus is onder julle so goed gevestig 7dat dit julle nie aan 'n enkele genadegawe ontbreek nie.**

**Juis daarop kan ons sê ; ja getrou aan die Woord**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG - VERVOLG)







## God Roep:

**Ja, God roep jou. Hy roep jou deur sy Woord.**

**Hy roep: Waar is jy?**




## God Roep:

**Het jy verskonings?**


**Jeremia het verskonings gehad; " Ek kan nie goed praat nie, ek is te jonk.**

**Die opdrag van die Here:**

**Gaan na wie toe Ek jou ook al stuur, en alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê.**

**8Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou, Ek sal jou red.**

**Jer 1:7**



| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| | **Webwerf** | **E-pos :** |
| | www.gereformeerd.co.za | admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens. |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Die koning het in sy reaksie vir Daniël gesê: "Sowaar, julle God, Hy is die God van die gode en die Heer van die konings en die een wat geheime openbaar, want jy kon hierdie geheim openbaar."*

*Daniël 2: 47*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**